

# Primêre Skool Jim Fouché Beleide



## BELEID T.O.V BULLEBAKGEDRAG

### Inleiding:

Bullebakkery of afknouery is strydig met JF se waardes, daarom word sulke gedrag ten sterkste afgekeur.

*"Every Child has the right to be protected from maltreatment, neglect or degradation".*

Section 28(1)(d) of the Bill of Rights

### Definisie van bullebakkery

Bullebakkery of afknouery kan omskryf word as 'n negatiewe en doelbewuste aksie/handeling of gedrag met die doel om fisiese of sielkundige skade aan te rig aan 'n persoon. Daar is 'n wanbalans in mag tussen die oortreder en die slagoffer wat veroorsaak dat die slagoffers dit moeilik vind om hulself te verdedig. Terwyl daar ooreenkomste is tussen bullebakgedrag en ander vorme van aggressie, tree die bullebak *doelbewus* eerder as toevallig op. Die doelwit van die bullebak is om beheer oor iemand anders te verkry en/of om 'n bepaalde status binne sy of haar portuurgroep te verkry (Bron)

Tipiese bullebakgedrag sluit in:

1. **Fisiese bullebakgedrag**

Dit sluit o.a. in om iemand te slaan, rond te stamp, te wurg, iemand se hare te trek, te byt, uitermate te kielie asook direkte vandalisme en dreigemente van geweld.

2. **Emosionele bullebakgedrag**

Dit sluit in die verspreiding van skinderstories, terrorisering, afpersing, naamskending, manipulerings en uitbuiting van ander.

3. **Verbale bullebakgedrag**

Dit sluit in kwetsende vloekery, afbrekende aanmerkings, voortdurende tergerey, verbale dreigemente, skinderstories, kru taal, rassistiese aanmerkings, neerhalende briewe, e-posboodskappe en selfoonboodskappe.

4. **Nie-verbale bullebakgedrag**

Dit sluit in die toon van aanstootlike tekens, die trek van gesigte asook minagtende kyke.

5. **Relasionele bullebakgedrag**

Dit sluit in om iemand doelbewus te ignoreer, uit te sluit of te verstoot uit aktiwiteite, om vriendskappe te manipuleer (bv om iemand doelbewus te beïnvloed om nie van 'n ander te hou nie) en pogings om iemand te domineer.

6. **Seksuele bullebakgedrag**

Dit sluit in ekshibisionisme, seksuele posisionering, seksuele teistering en aanranding.

## Redes vir bullebakgedrag:

Bullebakgedrag word beïnvloed deur verskillende individuele en sosiale faktore. Bullebakke boots dikwels die optrede van hulle rolmodelle, soos bv. hul ouers na. Hulle sukkel gewoonlik om woede te reguleer en op 'n gesonde manier uit te druk.

Ander faktore wat 'n bydrae lewer:

- is 'n swak selfbeeld;
- die behoefte om mag oor ander uit te oefen of hulle te beheer;
- groepsdruk;
- die leerling was moontlik self 'n slagoffer van afknouery.

Sommige kinders knou ander af sonder om te besef hoe skadelik hul gedrag vir die ander persoon is.

## Tipes bullebakke:

### **I. Die aggressiewe bullebak**

Hierdie bullebakke haal hul aggressie op enigiemand uit, ongeag daardie persoon se gesag op posisie. Hulle is geneig tot swak impulsbeheer, beskou geweld as 'n positiewe eienskap en het 'n behoefte om te domineer. Hulle is gewoonlik ook liggaamlik en emosioneel sterk, onsensitief teenoor ander se gevoelens en het 'n verwronge selfbeeld.

### **II. Die angstige bullebak**

Hierdie bullebakke toon sekere eienskappe van hul slagoffers. Hulle is geneig om angstig en aggressief te wees, het 'n swak selfbeeld, is onseker van hulself en het min vriende. Hulle knou mense af wat nie 'n belangrike rol in hul lewe speel nie, ontlok aanvalle van ander bullebakke en is gewoonlik emosioneel onstabiel.

### **III. Die groepsaanhangers**

Bullebakke omring hulself gewoonlik met aanhangers. Hierdie aanhangers is passief betrokke by die afknouery en het die volgende kenmerke:

- hulle word maklik gedomineer;
- is geneig om passief eerder as aggressief te wees;
- toon normaalweg empatie met ander en voel dan gevolglik skuldig na die afknouery;
- hulle sluit gewoonlik by die groep aan om hulself te beskerm en/of 'n bepaalde status te verkry.

'n Besonder gewelddadige vorm van bullebakkery ontstaan wanneer die aanhangers ook aktief betrokke raak.

## Die impak van bullebakkery:

Bullebakgedrag hou verreikende gevolge vir sowel die slagoffers as die oortreders in. Bullebakkery maak nie net inbreuk op die **slagoffer** se menswaardigheid, privaatheid, vryheid en veiligheid nie, maar het ook 'n invloed op 'n kind se liggaamlike, emosionele, sosiale en opvoedkundige welsyn. Sommige simptome sluit in:

### **I. Fisiese simptome:**

- Hoofpyne;
- Maagpyn;
- Bednatmaak;
- Verlies aan aptyt;
- Swak liggaamshouding;



## II. Emosionele simptome:

- Depressie;
- Selfmoordneigings;
- Angs;
- Vrees

## III. Sosiale simptome:

- Onttrekking;
- Isolasië;
- Eensaamheid

## IV. Opvoedkundige simptome:

- Afwesigheid van skool;
- Verlies aan konsentrasie;
- Swak akademiese prestasie

### **Wat die bullebak betref kan die volgende probleme ontstaan:**

Hoewel hulle dikwels gewild in hul portuurgroep is, vorm hulle selde blywende vriendskappe. Hulle vaar selde goed op skool en kan betrokke te raak by jeugmisdaad en ander kriminele aktiwiteite. Bullebakke is ook meer geneig tot dwelm en alkoholmisbruik.

### **Riglyne vir die hantering van bullebakgedrag:**

Die volgende stappe sal gevolg word indien boeliegedrag geïdentifiseer word:

1. 'n Onderhoud sal deur die graadhoof met die boelie gevoer word. Indien dit 'n herhalende oortreding is sal die ouers ook ingeroep word vir die onderhoud. Agtergrond- en huislike inligting moet verkry word. Die maatskaplike werker kan ook betrek word om ondersoek in te stel.
2. Indien aangedui sal die betrokke graadhoof reël vir 'n vergadering waar al die betrokke leerders, asook hul ouers, ingeroep word om die saak te bespreek;
3. Oplossings vir beide partye moet identifiseer word. 'n Daadwerklike oplossing moet in plek gestel word wat die boelie verhoed om die slagoffer verder te viktimiseer. Dit is belangrik dat die slagoffer nie skuldig / aanspreeklik gehou word vir die boelie se gedrag nie;
4. Die prosedures en strafmaatreëls soos vervat in die skool se Dissiplinêrebeleid is ook in hierdie geval van toepassing.
5. Indien 'n leerder voor die tugkomitee verskyn, kan daar 'n aanbeveling gemaak word dat die betrokke leerder van die skool se programme deurloop met 'n fokus op die volgende lewensvaardighede:
  - Selfgelding;
  - Streshantering;
  - Emosionele selfbewustheid;

In die geval van trauma kan EMDR terapie (slegs deur 'n gekwalifiseerde professionele persoon) oorweeg word.

Die doel hiervan is om die boelie te rehabiliteer sodat boeliegedrag nie voortduur nie. Die leerder (boelie) moet lewensvaardighede aanleer wat nie skadelik is tot sy medemens nie.

6. Die leerder sal egter steeds sy straf uitdien terwyl die program deurloop word. Indien 'n leerder se gedrag nie verbeter of verander nie, kan een van die volgende oorweeg word:

- Die betrokke kind verskyn weer voor die tugkomitee waartydens 'n verslag voorgelê word deur die verantwoordelike personeelid en waar die leerder se vordering in ag geneem sal word;
- Verwysing na One Stop;
- Verwysing na Departement van Onderwys vir moontlike uitsetting uit die skool;
- Indien die gedrag voortduur ongeag die insette van die skool, raadpleeg dan 'n professionele persoon soos 'n sielkundige;

### **Riglyne vir die ondersteuning van die slagoffer:**

Elke leerder wat by die graadhoof aanmeld sal vertroulik hanteer word en kan ook anoniem bly indien in die beste belang van die leerder.

#### 1) 'n Aanmelding kan op die volgende wyses geskied:

1.1 Meld aan by enige van die onderwysers;

1.2 Rig 'n e-pos aan die:

- Maatskaplike werker, Debbie Terblanché by [debbie@psjf.co.za](mailto:debbie@psjf.co.za) of na die;
- Adjunkhoof, mnr. Rudolf Fourie by [rudolf@psjf.co.za](mailto:rudolf@psjf.co.za) of na die;
- Skoolhoof mnr. John Fourie by [john@psjf.co.za](mailto:john@psjf.co.za).

2) Die slagoffer sal ook die ondersteuningsprogram deurloop om enige blywende trauma te verhoed, asook om vaardighede aan te leer om die situasie te hanteer. Die program sal fokus op lewensvaardighede insluitend:

- Streshantering;
- Selfgelding;
- Emosionele selfbewustheid;


3) Indien die leerder se aanpassing nie verbeter ten spyte van die insette van die skool nie, raadpleeg dan 'n professionele persoon soos 'n sielkundige.

4) In die geval van trauma kan EMDR terapie (slegs deur 'n gekwalifiseerde professionele persoon) oorweeg word.

### **Slot**

'n Kultuur van orde en dissipline word by die Primêre Skool Jim Fouché nagestreef om te verseker dat akademiese onderrig ongestoord kan plaasvind. Ons droom is dat elke leerder sy volle potensiaal hier en in die lewe daar buite sal verwesenlik. Bullebakgedrag sal nie geduld word by Primêre Skool Jim Fouché nie.

Geteken te Bloemfontein op die 4de dag van Julie 2023.



A.C Magnus  
BL-Voorsitter



**Bronne:**

- De Wet, C. (2006). Bullebakker - almal se probleem. *Tydskrif Vir Geesteswetenskappe*, 46(1), 87–100.
- Juan, A., Zuze, L., Hannan, S., Govender, A., & Reddy, V. (2018). Bullies, victims and bully-victims in South African schools: Examining the risk factors. *South African Journal of Education*, 38, S1–S10.  
<https://doi.org/10.15700/saje.v38ns1a1585>
- Louw, D. & Louw, A. (2007) Die ontwikkeling van die kind en die adolessent. *Psychology publications*. P261-263
- Pivec, T., Horvat, M., & Košir, K. (2022). Psychosocial characteristics of bullying participants: A person-oriented approach combining self- and peer-report measures. *Children and Youth Services Review*, 106720.  
<https://doi.org/10.1016/j.childyouth.2022.106720>
- Smith, L., López, G. F., Haro, J. M., Alghamdi, A. A., Pizzol, D., Tully, M. A., Oh, H., Gibson, P., Keyes, H., Butler, L., Barnett, Y., Il Shin, J., & Koyanagi, A. (2023). Temporal trends in bullying victimization among adolescents aged 12–15 years from 29 countries: A global perspective. *Journal of Adolescent Health*.  
<https://doi.org/10.1016/j.jadohealth.2023.04.031>
- Yan, W., Yuan, Y., Yang, M., Zhang, P., & Peng, K. (2023). Detecting the risk of bullying victimization among adolescents: A large-scale machine learning approach. *Computers in Human Behavior*, 107817.  
<https://doi.org/10.1016/j.chb.2023.107817>